6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

## **WAT MEDIKINET MR IS EN WAARVOOR DIT GEBRUIK WORD**

### **Wat Medikinet MR is**

**Medikinet MR 5 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard

Elke gemodifiseerde vrystellings kapsule, hard bevat 5 mg metielfenidaat hidrochloried, gelykstaande aan 4.35 mg metielfenidaat.

**Medikinet MR 10 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard

Elke gemodifiseerde vrystellings kapsule, hard bevat 10 mg metielfenidaat hidrochloried, gelykstaande aan 8.65 mg metielfenidaat.

**Medikinet MR 20 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard

Elke gemodifiseerde vrystellings kapsule, hard bevat 20 mg metielfenidaat hidrochloried, gelykstaande aan 17.30 mg metielfenidaat.

**Medikinet MR 30 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard

Elke gemodifiseerde vrystellings kapsule, hard bevat 30 mg metielfenidaat hidrochloried, gelykstaande aan 25.95 mg metielfenidaat.

**Medikinet MR 40 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard

Elke gemodifiseerde vrystellings kapsule, hard bevat 40 mg metielfenidaat hidrochloried, gelykstaande aan 34.60 mg metielfenidaat.

**Medikinet MR 50 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard

Elke gemodifiseerde vrystellings kapsule, hard bevat 50 mg metielfenidaat hidrochloried, gelykstaande aan 43.25 mg metielfenidaat.

**Medikinet MR 60 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard

Elke gemodifiseerde vrystellings kapsule, hard bevat 60 mg metielfenidaat hidrochloried, gelykstaande aan 51.90 mg metielfenidaat.

Farmakoterapeutiese groep: psigoanaleptika (A.1.2): psigostimulante, middels gebruik vir ATHV en nootropika; sentraalwerkende simpatomimetika

### **Waarvoor dit gebruik word**

MEDIKINET MR word gebruik om ‘aandagtekort hiperaktiwiteitsversteuring’ (ATHV) te behandel.

- dit word gebruik by kinders van 6 jaar en ouer en by volwassenes wat ATHV as kind gehad het.
- dit word slegs gebruik nadat ander behandelings wat nie medisyne behels nie, probeer is en onvoldoende wat bv. berading en gedragsterapie.

MEDIKINET MR is nie vir gebruik vir behandeling van ATHV by kinders onder 6 jaar oud nie.

### **Hoe dit werk**

MEDIKINET MR verbeter die werking van sekere dele van die brein wat onderaktief is. Die medisyne help om aandagspan en konsentrasie te verbeter en impulsiewe gedrag te verminder.

Die medisyne word gegee as deel van ‘n behandelingsprogram, wat gewoonlik sielkundige, opvoedkundige en sosiale terapie insluit.

MEDIKINET MR-behandeling moet slegs begin word deur, en gebruik word onder toesig van ‘n dokter, gespesialiseerd in die behandeling van ATHV, soos ‘n kundige pediater, ‘n

kinder- of adolessente psigiater of 'n psigiater. 'n Noukeurige ondersoek deur hierdie dokter is nodig. Indien u as volwassene nog nie voorheen behandel is nie, sal die dokter toetse uitvoer om te bevestig dat u sedert u kinderjare deur ATHV beïnvloed is. Alhoewel daar geen kuur vir ATHV is nie, kan dit beheer word deur behandelingsprogramme te gebruik.

## **Oor ATHV**

Kinders en jong mense met ATHV vind dit:

- moeilik om stil te sit en
- moeilik om te konsentreer.

Dit is nie hulle skuld dat hulle nie hierdie dinge kan doen nie.

Pasiënte kan in verskillende grade ATHV hê met simptome, insluitend:

- gebrek aan konsentrasie
- rusteloosheid
- hiperaktiwiteit
- impulsiwiteit
- emosionele onstabieleit
- ongeorganiseerde denke

Dit word getoon deur byvoorbeeld:

- moeilik om te konsentreer
- vergeetagtigheid
- praat te veel
- probleme met beplanning en uitvoering van take tot voltooiing
- blinddoek aksies
- ongeduld

ATHV beïnvloed nie die intelligensie van 'n kind of jongmens nie.

## **2. WAT U MOET WEET VOOR U OF U KIND MEDIKINET MR NEEM**

### **Moenie MEDIKINET MR neem**

#### **indien u of u kind**

- allergies is vir metielfenidaat of enige van die ander bestanddele van hierdie medisyne (gelys in afdeling 6)
- 'n skieldklierprobleem het
- verhoogde druk in die oog het (gloukom)
- 'n gewas van die byniere het (feochromositoon)
- 'n eetprobleem het as u nie honger voel of wil eet nie - soos 'anorexia nervosa'
- hoë bloeddruk of vernouing van die bloedvate het, wat pyn in die arms en bene kan veroorsaak
- ooit hartprobleme gehad het – soos 'n hartaanval, ongelyke hartklop, pyn en ongemak in die bors, hartversaking, hartsiekte of met 'n hartprobleem gebore is
- 'n probleem met bloedvate in die brein gehad het – soos 'n beroerte, swelling en verswakking van 'n deel van 'n bloedvat (aneurisme), nou of geblokkeerde bloedvate, of inflammasie van die bloedvate (vaskulitis)
- tans of in die laaste 14 dae 'n antidepressant geneem het (bekend as 'n monoamienoksidase inhibeerder) – sien 'Sien ander medisyne en MEDIKINET MR'

- geestesgesondheidsprobleme het, soos:
  - ‘n ‘psigopatiese’ of ‘grenslyn persoonlikheids’ probleem het
  - abnormale gedagtes of visioene of ‘n siekte wat ‘skisofrenie’ genoem word
  - tekens van ‘n ernstige gemoedsprobleem soos:
    - voel om jouself dood te maak
    - ernstige depressie, waar u baie hartseer, waardeloos en hopeloos voel
    - manie, waar u ongewoon opgewonde, ooraktief, en onbelemmerd voel.
- ‘n geskiedenis van merkbare gebrek aan maagsuur het (anasiditeit van die maag) met ‘n pH-waarde bo 5.5
- medisyne neem om die afskeiding van maagsuur te verminder of die oormatige suurheid van die maag te behandel (H2 reseptorblokker, protonpompremmer of teensuurbehandeling)
- indien die pasiënt swanger is of hulle baba borsvoed

Moenie MEDIKINET MR neem indien enige van bogenoemde op u of u kind van toepassing is nie. Indien u onseker is, raadpleeg u dokter of apteker voordat u of u kind metielfenidaat neem. Dit is omdat MEDIKINET MR hierdie probleme kan vererger. Hierdie medisyne bevat minder as 1 mmol natrium (23 mg) per doserings eenheid, dit wil sê in wese natriumvry.

### **Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**

Raadpleeg u dokter voordat MEDIKINET MR geneem word, indien u of u kind

- lewer- of nierprobleme het
- probleme het met sluk of om tablette heel te sluk
- ‘n vernouing of verstopping van die ingewande of voedselpyp
- stuipe (aanvalle, konvulsies, epilepsie) of enige abnormale breinskanderings (EEGs) gehad het
- ooit alkohol, voorskrifmedisyne of straatdwelms misbruik het of daarvan afhanklik was
- vroulik is en periodes begin kry het (sien die ‘Swangerskap en borsvoeding’ afdeling hieronder)
- moeilik-om-te-beheer, herhaalde rukkings van enige dele van die liggaam of herhaalde klanke en woorde het
- hoë bloeddruk het
- ‘n hartprobleem het wat nie in die ‘Moenie neem’ afdeling hierbo is nie
- ‘n geestesgesondheidsprobleem het wat nie in die ‘Moenie neem’ afdeling hierbo is nie. Ander geestesgesondheidsprobleem sluit in:
  - gemoedswisselings (van manies tot depressief wees - wat ‘bipolêre versteuring’ genoem word)
  - begin om aggressief or vyandig te word, of aggressie vererger
  - sien, hoor of voel dinge wat nie daar is nie (hallusinasies)
  - glo dinge wat nie waar is nie (waanidee)
  - ongewoon agterdogtig voel (paranoia)
  - geagiteerd, angstig of gespanne voel
  - depressief of skuldig voel.

Vertel u dokter of apteker indien enige van bogenoemde op u of u kind van toepassing is voordat u met die behandeling begin. MEDIKINET MR kan hierdie probleme vererger. U dokter sal monitor hoe hierdie medisyne u of u kind beïnvloed.

### **Kontroles wat u dokter sal doen voordat u MEDIKINET MR begin neem**

Hierdie kontroles is om te besluit of MEDIKINET MR die korrekte medisyne vir u of u kind. U dokter sal met u praat oor:

- enige ander medisyne wat u of u kind neem
- of daar 'n familiegeskiedenis van skielik onverklaarbare dood is
- enige ander mediese probleme (soos hartprobleme) wat u of u familie mag hê
- hoe u of u kind voel, soos om hoog of laag te voel, om vreemde gedagtes te hê of indien u of u kind enige van hierdie gevoelens in die verlede gehad het
- of daar 'n familiegeskiedenis van 'tiefs' is (moeilik-om-te-beheer, herhaalde rukking van enige dele van die liggaam of herhaalde klanke en woorde)
- enige geestesgesondheid- of gedragsprobleme wat u of u kind of ander familielede ooit gehad het.

U dokter sal bespreek of u of u kind 'n risiko loop om gemoedswisselings te hê (van manies tot depressief wees – wat 'bipolêre versteuring' genoem word). Hulle sal u of u kind se geestesgesondheidsgeskiedenis nagaan, en kyk of enige van u familie 'n geskiedenis van selfmoord, bipolêre versteuring of depressie het.

Dit is belangrik dat u so veel as moontlik inligting verskaf. Dit sal u dokter help om te besluit of MEDIKINET MR die korrekte medisyne vir u of u kind is. U dokter kan besluit dat ander mediese toetse benodig word voordat u of u kind hierdie medisyne begin neem.

Tydens die behandeling kan seuns of adolessente onverwags langdurige ereksies hê. Dit kan pynlik wees en enige tyd voorkom. Dit is belangrik om u dokter onmiddellik te kontak indien u ereksie langer as 2 uur duur, veral as dit pynlik is.

### **Dwelmtoetsing**

MEDIKINET MR kan 'n positiewe uitslag gee wanneer vir dwelmgebruik getoets word. Atlete moet bewus wees dat hierdie medisyne 'n positiewe reaksie op 'antidoping'-toetse kan veroorsaak.

### **Ander medisyne en MEDIKINET MR**

Vertel asseblief u dokter of apteker indien u of u kind enige ander medisyne neem of onlangs geneem het of moontlik neem.

### **Moenie MEDIKINET MR neem indien u of u kind:**

- medisyne neem wat 'monoamienoksidase inhibeerder' (MAOI) genoem word, gebruik vir depressie, of indien 'n MAOI in die laaste 14 dae geneem is. Die neem van 'n MAOI met MEDIKINET MR kan 'n skielike toename in bloeddruk veroorsaak.

Indien u of u kind ander medisyne neem, kan MEDIKINET MR 'n invloed hê oor hoe goed dit werk of kan dit nuwe-effekte veroorsaak. Vertel u dokter indien u of u kind medisyne neem om die volgende te behandel:

- depressie
- geestesgesondheidsprobleme
- epilepsie
- bloeddrukprobleme
- hoes en verkoue; sommige remedies kan middels bevat wat bloeddruk kan beïnvloed. Dit is belangrik om met u apteker te konsulteer wanneer u enige van hierdie medisyne koop.
- medisyne wat u bloed verdun om bloedklonte te voorkom

MEDIKINET MR moet nie saam met H<sub>2</sub>-reseptorblokkers, protonpomprenners of

teensuurmiddels, wat gebruik word of maagsuur afskeiding te verminder of om oormatige suurheid in die maag teen te werk, gebruik nie, aangesien dit kan lei tot vinniger vrystelling van die totale hoeveelheid aktiewe bestanddeel.

Indien u twyfel of enige van die medisyne wat u of u kind neem in bogenoemde lys ingesluit is, vra u dokter of apteker vir advies voordat u MEDIKINET MR neem.

### **Operasie te ondergaan**

Vertel u dokter indien u of u kind 'n operasie gaan hê. MEDIKINET MR moet nie op die dag van die operasie geneem word indien sekere tipe narkose gebruik word nie. Dit is omdat daar 'n kans is van skielike styging van bloeddruk tydens die operasie.

### **Die neem van MEDIKINET MR met alkohol**

Moenie alkohol drink terwyl u hierdie medisyne neem nie. Alkohol kan die nuwe-effekte van hierdie medisyne vererger. Onthou dat sommige voedsel en medisyne alkohol bevat.

### **Swangerskap en borsvoeding**

MEDIKINET MR moet nie tydens swangerskap of borsvoeding geneem word nie. Vertel u dokter of apteker

voordat MEDIKINET MR geneem word indien u of u dogter:

- seks het. U dokter sal voorbehoeding bespreek.
- swanger is of dink dat sy dalk swanger is
- borsvoed of beplan om te borsvoed. Dit is moontlik dat metielfenidaat in menslike borsmelk oordra.

### **Bestuur en gebruik van masjinerie**

U of u kind kan duiselig voel, probleme ondervind met fokus of dowwe visie hê terwyl MEDIKINET MR geneem word. Indien dit gebeur, moet u nie bestuur, masjiene gebruik, fiets- of perdry of bome klim nie.

### **MEDIKINET MR bevat sukrose**

Indien u dokter u meegedeel het dat u of u kind 'n intoleransie vir sommige suikers het, raadpleeg u dokter voordat u hierdie medisinale produk begin neem.

## **3. HOE OM MEDIKINET MR TE NEEM**

U of u kind moet MEDIKINET MR altyd neem presies soos u dokter u gesê het. U moet u dokter of apteker raadpleeg indien u onseker is.

### **Dosis**

#### Gebruik by kinders

Die maksimum daaglikse dosis is 60 mg.

- u dokter sal gewoonlik begin met 'n lae dosis behandeling en dit geleidelik verhoog soos nodig.
- u dokter sal u vertel watter sterkte kapsule u elke dag moet neem.
- moenie die dosis van 'n kapsule verdeel nie; neem die hele inhoud.

- MEDIKINET MR moet nie te laat in die oggend geneem word nie, aangesien dit slaapstoornisse kan veroorsaak.

#### Gebruik by volwassenes

##### Vir volwassenes wat MEDIKINET MR voorheen geneem het

- indien u reeds as kind of adolessent MEDIKINET MR geneem het, kan dieselfde daaglikse dosis (mg/dag) gebruik word; u dokter sal gereeld kyk of enige aanpassing benodig word.
- volwasse pasiënte benodig moontlik hoër daaglikse dosis, maar die dokter wil u die laagste effektiewe dosis gee.
- die maksimum daaglikse dosis is onder meer gebaseer op u liggaamsgewig (sien hieronder).

##### Vir volwassenes wat nog nie MEDIKINET MR voorheen gebruik het nie

Die aanbevole aanvangsdosis is 10 mg daagliks.

- u dokter sal u dosis in inkremente van 10 mg per dag verhoog, afhangende van hoe goed u die medisyne verdra en hoe effektief dit is.
- die doel moet die laagste dosis wees wat vir u effektief is.
- die maksimum daaglikse dosis is onder meer gebaseer op u liggaamsgewig (sien hieronder).
- u dokter sal die maksimum daaglikse dosis vir u bepaal.
- die daaglikse dosis is 1 mg per kg liggaamsgewig, tot 'n maksimum van 80 mg van metelfenidaat daagliks.

#### **Dinge wat u dokter sal doen indien u of u kind met behandeling begin**

##### **U dokter sal toetse doen**

- voordat u of u kind begin – om seker te maak dat MEDIKINET MR veilig is en tot voordeel sal wees.
- nadat u of u kind begin het – sal dit minstens elke 6 maande gedoen word, maar moontlik ook meer indien die dosis verander word.
- hierdie toetse sal insluit:
  - kyk na eetlus
  - meet lengte en gewig van kinders
  - meet gewig van volwassenes
  - meet bloeddruk en hartklop
  - nagaan van probleme met gemoed, gemoedstoestand of ander ongewone gevoelens. Of indien hierdie vererger tydens die neem van MEDIKINET MR.

#### **Metode van Toediening**

Die medisyne is bedoel vir orale gebruik.

Kinders neem MEDIKINET MR in die oggend **met of sonder** ontbyt.

Volwassenes neem MEDIKINET MR met of na ontbyt **en** middagete.

MEDIKINET MR is 'n vorm van metielfenidaat met “gekontroleerde vrystellings” werking wat die medisyne geleidelik oor 'n lang tydperk vrystel. Dit is belangrik om die kapsule met of na etes te neem, sodat die werking daarvan vertraag word.

Die kapsule kan heel ingesluk word met 'n glas water. U kan ook die kapsules oppmaak, die inhoud op 'n klein hoeveelheid (eetlepel) van appelmoes of jogurt strooi en dit onmiddellik neem. Moenie bêre vir toekomstige gebruik nie.

Die kapsules en inhoud van die kapsule moet nie fyngedruk of gekou word nie.

### **Indien u of u kind nie beter voel na 1 maand van behandeling nie**

Indien u of u kind nie beter voel nie, vertel u dokter. Hulle kan dalk besluit dat 'n ander behandeling nodig is.

### **Langtermyn behandeling**

MEDIKINET MR hoef nie vir altyd geneem te word nie. Indien u of u kind MEDIKINET MR vir meer as 'n jaar neem, moet u dokter ten minste een keer per jaar u behandeling vir 'n kort tydperk staak. In die geval van kinders kan dit tydens 'n skoolvakansie gebeur. Dit sal wys of die medisyne nog nodig is.

### **Indien MEDIKINET MR nie behoorlik gebruik word nie**

Indien MEDIKINET MR nie behoorlik gebruik word nie, kan dit abnormale gedrag veroorsaak. Dit kan ook beteken dat u of u kind begin om van die medisyne afhanklik te raak. Vertel u dokter indien u of u kind ooit alkohol, voorskrifmedisyne of straatdwelms misbruik het of daarvan afhanklik was.

### **Indien u of u kind meer MEDIKINET MR neem as wat u moet**

Indien u of u kind te veel van die medisyne neem, moet u onmiddellik 'n dokter raadpleeg of 'n ambulans kontak. vertel hulle hoeveel daar geneem is.

Tekens van oordosis kan insluit: siek wees, geagiteerd voel, skudding, verhoogde onbeheerde bewegings, spiertrekkings, stuipe (kan gevolg word deur koma), baie gelukkig voel, verward wees, sien, voel en hoor dinge wat nie regtig is nie (hallusinasies), sweet, gloede, hoofpyn, hoë koors, veranderinge in hartklop (stadig, vinnig of ongelyk), hoë bloeddruk, verwydde pupille en droë neus en mond.

### **Indien u of u kind vergeet om MEDIKINET MR te neem**

Moenie 'n dubbeldosis neem om op te maak vir vergete individuele dosisse nie. Indien u of u kind 'n dosis vergeet, wag totdat dit tyd is vir die volgende dosis.

### **Indien u of u kind ophou om MEDIKINET MR te neem**

Indien u of u kind skielik ophou om die medisyne te neem, kan ATHV simptome terugkeer of kan ongewenste simptome soos depressie voorkom. U dokter sal moontlik die hoeveelheid medisyne wat u daaglik neem geleidelik verminder, voordat u heeltemal stop. Raadpleeg u dokter voordat u MEDIKINET MR stop.

Raadpleeg u dokter of apteker, indien u nog vrae het oor die gebruik van hierdie medisyne.

## **4. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE**

Hierdie medisyne kan newe-effekte hê. U dokter sal met u praat oor hierdie newe-effekte.

**Sommige newe-effekte kan ernstig wees. Indien u enige van die onderstaande newe-effekte ervaar, raadpleeg u dokter onmiddellik:**

### **Gereelde newe-effekte**

- ongelyke hartklop (palpitاسies)
- gemoedsveranderinge

### **Minder gereelde newe-effekte**

- gemoedswisselings
- veranderinge in persoonlikheid
- sien, voel of hoor dinge wat nie werklik is nie – hierdie is tekens van psigose
- onbeheerde spraak en liggaamsbewegings (Tourette's) of verergering daarvan
- borspyn
- tekens van allergie soos uitslag, jeuk of velbulte op die vel, swelling van die gesig, lippe, tong of ander dele van die liggaam, kortasem, hyging of moeilik om asem te haal
- dink daaraan of voel dat u uself wil doodmaak
- ongewoon opgewonde, ooraktief en onbelemmerd voel (manie)
- hartaanval
- stuipe (aanvalle, konvulsies, epilepsie)
- velafskilfering of pers-rooi kolle
- spierspasmas wat u nie kan beheer nie, wat u oë, kop, nek, liggaam en senuweestelsel beïnvloed – as gevolg van 'n tydelike gebrek aan bloetoevoer na die brein
- verlamming of probleme met beweging en visie, moeilike spraak (hierdie kan tekens wees van probleme met bloedvate in u brein), tydelike gebrek aan voldoende bloed en suurstof (isgemie) na die brein
- afname in aantal bloedselle (rooiselle, witselle en plaatjies) wat u meer geneig kan maak om infeksies te kry, en u makliker laat bloei en kneus
- 'n skielike toename in liggaamstemperatuur, baie hoë bloeddruk en ernstige konvulsies ('Neuroleptiese Maligne Sindroom').

### **Onbekend: frekwensie kan nie uit beskikbare data beraam word nie**

- ongewenste effekte wat aanhou terugkeer
- onverklaarbare floute, kortasem (hierdie kan tekens van hartprobleme wees)

Indien u enige van die bogenoemde newe-effekte ervaar, raadpleeg u dokter onmiddellik.

### **Onder newe-effekte sluit die volgende in, indien dit ernstig word, raadpleeg asseblief u dokter of apteker:**

#### **Gereelde newe-effekte**

- hoofpyn
- senuweeagtig voel
- nie kan slaap nie
- verminderde eetlus
- geagiteerd voel,
- depressief voel of gebrek aan gevoel of emosie of toon min belangstelling
- droë mond
- siek voel
- gewrigspyn
- hoë temperatuur (koors)
- ongewone haarverlies of verdunning
- ongewoon slaperig of lomerig voel
- paniek aanval
- tandpyn
- jeuk, uitslag of verhoogde rooi jeukerige uitslag (velbulte)

- hoes, seer keel of neus en keelirritasie
- hoë bloeddruk of ander veranderinge in bloeddruk,
- vinnige hartklop (tagikardie) of onreëlmatige hartklop (aritmie)
- duiselig voel,
- bewegings wat u nie kan beheer nie,
- buitengewoon aktief wees
- aggressief emosioneel onstabiel, angstig, gestres, geïrriteerd voel
- abnormaal optree
- maagpyn, diaree, maagongemak, slegte spysvertering, dors, braking
- gebrek aan eetlus/nie bereid om te eet
- gewigsverlies
- oormatige tande kners (bruxisme)
- oormatige kneus

### **Minder gereelde newe-effekte**

- skud of bewe
- dowwe visie
- spierpyn
- hardlywigheid
- inflammasie van die slymvliese van maag en dunderm
- ekstra geluid tydens hartklop (gebaseer op ondersoekbevindinge)
- bloed in die urine
- dubbel visie
- spiertrekkings
- spier styfheid
- kortasem of borspyn
- toename in lewertoetsresultate (sien in 'n bloedtoets)
- woede
- tranerig voel
- rusteloos voel,
- oormatige bewustheid van die omgewing
- baie kalm of slaperig voel
- probleme met slaap in die algemeen
- moegheid
- spanning
- veranderinge in seksdrang
- gedisorïenteerd voel
- verwydde pupille, sukkel om te sien
- swelling van die borste in mans
- rooiheid van die vel, rooi opgehewe veluitslag
- pyn as gevolg van onvoldoende bloedvloei na die hart
- probleme/veranderinge in die menstruasie
- hartaanval
- skielike dood
- spierkrampe
- klein rooi merke op die vel
- inflammasie of geblokkeerde are in die brein
- abnormale lewerfunksie insluitend lewersaking en koma
- veranderinge in toetsresultate – insluitend lewer- en bloedtoetse
- selfmoordpoging
- abnormale denke
- doen dinge oor en weer oor

- obsessief te wees oor een ding
- gebrek aan energie
- voel hartseer oor 'n kort tydjie
- fingers en tone voel gevoelloos en koud, tintelend en veranderde kleur (van wit tot blou, dan rooi) wanneer koud ('Raynaud se verskynsel')

**Onbekend: frekwensie kan nie uit beskikbare data beraam word nie**

- migraine
- baie hoë koors
- stadige, vinnige of ekstra hartkloppe
- 'n groot aanval ('grand mal konvulsies')
- glo dinge wat nie waar is nie
- verwardheid
- hartseer/donker gedagtes
- 'n liggaamlike behoefde aan die medisyne of voel die afwesigheid daarvan
- probleme met bloedvate van die brein (beroerte, serebrale arteritis of serebrale okklusie)
- droë vel
- erekteie disfunksie
- langdurige ereksies, somtyds pynlik, of 'n groter aantal ereksies
- oormatige onbeheerde praat
- spanning
- kners u tande tydens slaap
- ATHV simptome kan terugkeer of ongewensde effekte soos depressie kan voorkom nadat die medisyne gestop is
- tintelinde sensasie
- probleme met taal en spraak
- braking waar niks uitkom nie
- aandagversteuring
- griepagtige siekte
- verlies van energie / swak voel
- dors voel
- toename in bloedseldklier stimulerende hormoonvlakke
- pyn in die mond en keel
- neusbloeding
- hartongemak
- droë oog
- hoër drukking binne die oog as normaal
- stres met maat / familie
- borspyn
- warm gloed / gloede
- lui in die ore (tinnitus)
- mishandeling
- pansitopenie (abnormale afname in die vlakke van all soorte bloedselle)
- onvermoë om die uitskeiding van urine te beheer (inkontinensie)
- spasma van die kaakspiere wat dit moeilik maak om die mond oop te maak (trismus)
- hakkel

**Uitwerking op groei**

Wanneer vir meer as 'n jaar gebruik word, kan MEDIKINET MR groei in sekere kinders verminder.

- Daar kan 'n gebrek aan gewigstoename of lengte wees.
- U dokter sal noukeurig na u en u kind se lengte en gewig kyk, asook hoe goed u of u kind eet.
- Indien u of u kind nie groei soos verwag nie, kan die behandeling met MEDIKINET MR gestop word.

### **Aanmelding van nuwe-effekte**

Aanmelding van vermoedelike nadelige reaksies na die goedkeuring van medisyne deur die owerheid is belangrik. Dit laat voortdurende monitering van die voordeel/risiko-balans van die medisyne toe. Gesondheidsorgverskaffers word versoek om enige vermoedelike nadelige reaksies aan SAHPRA via die “**6.04 Adverse Drug Reactions Reporting Form**”, wat aanlyn gevind kan word onder SAHPRA se publikasies:

<https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8>.

Daarbenewens kan vermoedelike nuwe-effekte aangemeld word aan die Houer van Registrasiesertifikaat via [pv@mcpharma.co.za](mailto:pv@mcpharma.co.za).

## **5. HOE OM MEDIKINET MR TE BÊRE**

Hou hierdie medisyne buite sig en bereik van kinders.

Moenie hierdie medisyne gebruik na die vervaldatum wat op die stulpstrook en boks na “EXP” aangedui is nie. Die vervaldatum verwys na die laaste dag van daardie maand.

Bêre teen of benede 30 °C.

Bêre in die oorspronklike verpakking om teen vog te beskerm.

Moenie enige medisyne via afvalwater of huishoudelike afval weggooi nie. Vra u apteker oor hoe om medisyne wat u nie meer gebruik nie, weg te gooi. Hierdie maatreëls sal help om die omgewing te beskerm.

## **6. INHOUD VAN DIE VERPAKKING EN ANDER INLIGTING**

**Wat MEDIKINET MR bevat:**

**Die aktiewe bestanddeel is:** metielfenidaat hidrochloried

**Medikinet MR 5 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard

Elke gemodifiseerde vrystellings kapsule, hard bevat 5 mg metielfenidaat hidrochloried, gelykstaande aan 4.35 mg metielfenidaat.

**Medikinet MR 10 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard

Elke gemodifiseerde vrystellings kapsule, hard bevat 10 mg metielfenidaat hidrochloried, gelykstaande aan 8.65 mg metielfenidaat.

**Medikinet MR 20 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard

Elke gemodifiseerde vrystellings kapsule, hard bevat 20 mg metielfenidaat hidrochloried, gelykstaande aan 17.30 mg metielfenidaat.

**Medikinet MR 30 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard

Elke gemodifiseerde vrystellings kapsule, hard bevat 30 mg metielfenidaat hidrochloried, gelykstaande aan 25.95 mg metielfenidaat.

**Medikinet MR 40 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard  
Elke gemodifiseerde vrystellings kapsule, hard bevat 40 mg metielfenidaat hidrochloried, gelykstaande aan 34.60 mg metielfenidaat.

**Medikinet MR 50 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard  
Elke gemodifiseerde vrystellings kapsule, hard bevat 50 mg metielfenidaat hidrochloried, gelykstaande aan 43.25 mg metielfenidaat.

**Medikinet MR 60 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard  
Elke gemodifiseerde vrystellings kapsule, hard bevat 60 mg metielfenidaat hidrochloried, gelykstaande aan 51.90 mg metielfenidaat.

**Die ander bestanddele is:**

**Kapsule-inhoud:**

Suikersfere (bevat sukrose en mieliestysel), Metakrielsuur-etielakrylaat-kopolimeer (1:1), Talk, Trietielsitraat, Poli(vinielalkohol), Makrogol 3350, Polisorbaat 80, Natriumhidroksied, Natriumlaurielsulfaat, Simetikoon, Silika kolloidale watervry, Metielsellulose, Sorbiensuur, Indigo karmyn, aluminiumlak (E 132)

**Kapsule-dop:**

Gelatien, Titaandioksied (E 171), Natriumlaurielsulfaat, Gesuiwerde water

addisioneel in die kapsule-dop van MEDIKINET MR 10 mg /- 20 mg:  
Eritrosien (E 127), Patent blou V (E 131)

addisioneel in die kapsule-dop van MEDIKINET MR 30 mg /- 40 mg /- 50 mg /- 60 mg:  
Eritrosien(E 127), Ysteroksied swart (E 172), Indigo karmyn (E 132)

**Hoe MEDIKINET MR lyk en inhoud van die verpakking:**

**MEDIKINET MR 5 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard  
Wit ondeursigtige kapsule-romp/wit ondeursigtige kapsule-dop (15.9 mm) wat wit en blou korrels bevat.

**MEDIKINET MR 10 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard  
Wit ondeursigtige kapsule-romp/ligrooi ondeursigtige kapsule-dop (15.9 mm) wat wit en blou korrels bevat.

**MEDIKINET MR 20 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard  
Ligrooi ondeursigtige kapsule-romp/ligrooi ondeursigtige kapsule-dop (15.9 mm) wat wit en blou korrels bevat.

**MEDIKINET MR 30 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard  
Liggrys ondeursigtige kapsule-romp/donker violet ondeursigtige kapsule-dop (15.9 mm) wat wit en blou korrels bevat.

**MEDIKINET MR 40 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard  
Grys ondeursigtige kapsule-romp/donker violet ondeursigtige kapsule-dop (18.0 mm) wat wit en blou korrels bevat.

**MEDIKINET MR 50 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard  
Violet ondeursigtige kapsule-romp/donker violet ondeursigtige kapsule-dop (18.0 mm) wat wit en blou korrels bevat.

**MEDIKINET MR 60 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard  
Donker violet ondeursigtige kapsule-romp/donker violet ondeursigtige kapsule-dop (19.4 mm) wat wit en blou korrels bevat.

Verpakkingsgroottes:

**MEDIKINET MR 5 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard  
Bokse wat 20, 30 of 50 gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard bevat, verpak in stulpstrokke gemaak van PVC/PVdC aluminiumfoelie.

**MEDIKINET MR 10 mg /- 20 mg /- 30 mg /- 40 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard  
Bokse wat 20, 28, 30 of 50 gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard bevat, verpak in stulpstrokke gemaak van PVC/PVdC aluminiumfoelie.

**MEDIKINET MR 50 mg /- 60 mg** gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard  
Bokse wat 20, 28, 30, 40 gemodifiseerde vrystellings kapsules, hard bevat, verpak in stulpstrokke gemaak van PVC/PVdC aluminiumfoelie.

Nie alle verpakkingsgroottes word noodwendig bemark nie.

#### **Houer van Registrasiesertifikaat**

MC Pharma (Edms.) Bpk  
Plot 87, Constantia Laan 62  
Mnandi  
Centurion  
0157  
Republiek van Suid-Afrika  
e-pos: [pharmacist@mcpharma.co.za](mailto:pharmacist@mcpharma.co.za)

#### **Hierdie pamflet is laas hersien in**

29 November 2021

#### **Registrasienommer(s):**

Medikinet MR 5 mg	51/1.2/1088
Medikinet MR 10 mg	51/1.2/1089
Medikinet MR 20 mg	51/1.2/1090
Medikinet MR 30 mg	51/1.2/1091
Medikinet MR 40 mg	51/1.2/1092
Medikinet MR 50 mg	51/1.2/1093
Medikinet MR 60 mg	51/1.2/1094